

GEREFORMEERDE LAERSKOOI BELLVILLE

H/v Frans Conradierylaan
en Stellenbergweg
Posbus 4203
Old Oak
Bellville
7537
7530



Tel: (021) 919 7816

E-mail: admin@dglb.co.za

2 Oktober 2019

Geagte ouers,

Baie welkom terug in die vierde kwartaal! Ons is dankbaar dat die Here ons weer deur sy groot genade in gesondheid en veiligheid by die skool teruggebring het. Ons wens u almal 'n mooi laaste (besige) kwartaal van 2019 toe saam met ons en u kind(ers).

Eerstens, moes ons vir **Skyler en Tineke Kotze** groet. Ons wens hulle alles wat mooi is toe in hul nuwe lewe in Burgersdorp. Ons bede is dat die Here hulle daar sal vashou en tot seën sal laat wees vir die gemeenskap en kerk daar.

Weereens 'n woord van dank vir die wonderlike **ondersteuning** wat die graad 6 en 7-klas ervaar het met die afgelope Entrepreneursdag, die veldskool-koste per leerder kan aansienlik afgebring word. Ook vir die oulike Appel-en-ui-inisiatief en die ou boeke verkoping wil ons baie dankie sê. Dis vir ons 'n riem onder die hart dat die ouers so lekker saamdink en saamwerk.

Dan sê ons ook baie dankie vir die **ou klere** wat reeds ingekom het, u kan tot en met Vrydag vir ons gemeenskapsprojek "VGK Belhar" ou klere (veral kinderklere) stuur. Soos dit ons gebruik is, raak ons ook betrokke by 'n **Skoenboks-projek** aan die einde van die jaar. Ons sal hierdie brief per harde kopie uitstuur, sodat u die lysie by u kan hou wanneer u saam met die kinders inkopies doen.

Ons is baie dankbaar en opgewonde oor die bouwerk aan die **twee ekstra klasse** wat afgelope Maandag 'n aanvang geneem het, ons vra u geduld met die stof, lawaai en ontwingting wat dit moontlik kan veroorsaak. Die leerders het gou aangepas by die bedrywighede buite die klasse, ons sien met groot dankbaarheid uit na die verbetering wat hierdie projek beloof om te bring. DV oor twee weke sal ons al kan begin met die oortrek van die klasse. Ons sê allereerste dankie aan ons Hemelvader vir die goeie sorg – ook finansieel – en dan ook aan ons **beheerliggaamlede** wat hierdie projek so hard dryf en bestuur.

Dan wil ons langs hierdie weg vir **tannie Dineke Eefting** baie dankie sê vir die jare wat sy die dogters se skooluniform-broekrompies gemaak het. Tannie Dineke, geniet die rus en baie dankie dat u altyd reggestaan het om te help dat ons dogters netjies lyk! Tannie Janke van Wyk neem hierdie werk oor, sy verskaf ook die ander voorskrif-skoolklere.

Ps 144:12 Mag ons seuns wees soos plante wat hoog groei in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare uitgebeitel soos vir 'n paleis.

Ons verwelkom ook later in die kwartaal vir **Christiaan Vrey**, hy gaan bietjie by ons kom werkskadu, omdat hy hoop om onderwys te studeer. Hy is die seun van Ds Coen Vrey van die Gereformeerde Kerk Bellville.

Ons **sport- en buitemuursprogram** vir die vierde kwartaal lyk soos volg:

Donderdag 3 Oktober begin die **balvaardighede** vir die grondslagfase as deel van die skoolkurrikulum.

Ander aktiwiteite begin komende **Maandag 7 Oktober**.

Maandae: **tennis** (gr 4- 7 leerders) 14:00 – 15:00 by Chrismar Tennisbane. 'n Tennisryrooster sal opgestel word vir die aflaai van leerders, u tel self u kind(ers) weer by Chrismar Tennisbane op

Dinsdae: **blokfluit** 14:00 – 14:30 by die skool

Donderdae: **krieket** (gr. 4-7 seuns) 14:00 – 15:00 by die skool

Op **Donderdag 7 November** sal alle buitemuurs, sowel as die balvaardighede-periode van die Grondslagfase, tot 'n einde kom.

Ons jaarlikse **olimpiade** vind **DV Vrydag 25 Oktober** plaas. Hierdie jaar het ons weer Bybelkennis opgestel. Help asseblief u kind(ers) om hul vragies te leer en ook om die borgvorm vol te kry. Hierdie is die **enigste fondsinsameling** in die jaar waar die fondse vir die hele skool en tot voordeel van die leerders aangewend word. Ekstra dinge wat by die skool benodig word, maar waarvoor nie begroot kan word nie, word met hierdie geld aangeskaf of betaal. Dink gerus aan die huur van die swembad in die eerste kwartaal, die tennisbane vir die eerste en vierde kwartaal, die fooi wat ons betaal om die hoërskoolfasiliteite te kan gebruik vir atletiek, uitstappies waar mammas wat ry geborg word...

Ons vier **Hervormingdag DV Donderdag 31 Oktober** tydens klastyd.

Juffrou Christine het reeds tydens die vakansie verjaar, maar ons mag saam met haar feesvier komende **Vrydag 4 Oktober**. Die graad 1's mag dan gewone klere aantrek en die hele skool ontvang 'n lekker bederfie. **Juffrou Henriette** verjaar altyd in die Desembervakansie, daarom vier sy haar verjaarsdag met haar graad 4 en 5-klas en die skool reeds op **DV Vrydag 22 November**. Stuur maar gerus u **bydrae** vir 'n mooi geskenk vir haar van die skool se kant af. Graad 4 en 5 mag op daardie dag met gewone klere skool toe kom.

Dit voel nog ver, maar hou ook asseblief **Dinsdag 3 Desember** oop vir die jaarlikse hoogtepunt: die **Kersoptrede**. Soos gebruiklik kan u na die optrede onder die genot van 'n koppie koffie ons kuns- en tegnologie-uitstalling bewonder.

Kortliks noem ons die 2 ander projekte wat hierdie kwartaal geloots word: ons samel weer **nie-bederfbare produkte** in vir ons getroue **skoonmaakster Nicole Abrahams**. U kan u **bydraes** maar skool toe stuur tot en met **Vrydag 29 November**. Wanneer 'n mens in ag neem dat Nicole vir ons werk op loon-basis, sal u verstaan dat hierdie pakket vir haar en haar gesin 'n baie groot bederf is en verligting bring vir die besige en duur Desembermaand.

Ons sal ook weer vir u **Waltons / Spectra / Artbiz** en 'n **nuwe een van DLonra skryfbehoeftes** katalogusse / kwotasies uitstuur met die lysie daarby wat elke leerder vir 2020 nodig sal hê. U is baie welkom om u items by die verskaffer te bestel wat die beste prys aanbied – al beteken dit dat u iets by al 4 bestel - let net asseblief op

Ps 144:12 Mag ons seuns wees soos plante wat hoog groei in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare uitgebeitel soos vir 'n paleis.

na die verskillende betalingsreëlings! **Bestellings** moet asseblief terugkom skool toe voor of **op Woensdag 30 Oktober**.

Let ook asb. fyn op op die **beskrywing van die skryfboeke** – koop asb. aan soos dit op die lysie staan. Vir die kind en die onderwyser is die verkeerde liniëring of selfs te dun boeke, 'n groot frustrasie. Ons vra ook mooi dat **alle boeke** aangeskaf word en skool toe gestuur word op die eerste skooldag in 2020. Dit mors baie tyd indien 'n leerder later in die jaar misgryp wanneer boeke vol raak. Hierdie boeke hoef nie oorgetrek skool toe te kom nie, maar skryf maar u kind se naam op sy boeke. Dinge kan maar dol gaan op die eerste skooldag! Gebruik asb. die **skool se lysie** as verwysing vir hoeveelhede en items, die kwotasies is nie noodwendig akkuraat nie.

Ons wil ook sommer hier weer herinner daaraan dat alle leerders vanaf graad 2 (en graad 1's in die vierde kwartaal) 'n eie **Psalmboekie** skool toe moet bring. Dit kan dieselfde een wees wat Sondae gebruik word, maar dit moet dan van Maandag tot Vrydag by die skool beskikbaar wees.

Graad 4 tot 7 leerders moet asseblief die **huiswerkboek** van die skool aankoop. Alle leerders wat dus **nou in graad 3 tot 6** is, mag maar solank hul **R45** skool toe bring, dan kan ons dit afmerk. Huiswerkboekies word op die eerste skooldag volgende jaar uitgedeel.

Ons deel ook binnekort die **eksamen- en toetsreeksroosters** vir u kind(ers) in harde kopie uit, die **toetsreeks** vir graad 4 en 5 begin reeds **Vrydag 1 November**. Die **eksamen** vir graad 6 en 7 begin DV op **Maandag 11 November**. Let asseblief daarop dat die skool daarom ook vanaf **Maandag 11 November** om **12:30** sluit vir **alle** leerders.

Tref asseblief weer persoonlik reëlings met u kind se **klasonderwyser** indien u nie 12:30 hier kan wees nie. Daar is elke dag ten minste een van die personeellede wat tot 14:00 by die skool aan diens is, maar die personeel kan slegs verantwoordelikheid neem vir leerders indien hul weet watter leerders langer bly.

Ons heg vir u 'n datumlys asook die toets- en eksamenroosters aan by hierdie omsendbrief. Van hierdie datums is vanselfsprekend, oor ander datums sal u nog nadere inligting ontvang. Daar bestaan altyd 'n moontlikheid dat datums moet skuif. Hieroor sal ons u vroegtydig inlig.

Vriendelike groete ook namens die personeel



H.H. van der Linden
Skoolhoof

Datum	Geleentheid
Donderdag 3 Oktober	Grondslagfase: balvaardighede 13:00 tot 13:45
Vrydag 4 Oktober	Juffrou Christine vier haar verjaarsdag, gr 1 trek gewone klere aan
Maandag 7 Oktober	Buitemuurse aktiwiteite begin
Dinsdag 22 Oktober	Graad R en 1 2020 bekendstellingsdag
Vrydag 25 Oktober	Olimpiade word geskryf, stuur asseblief borgvorms skool toe
Woensdag 30 Oktober	Skryfbehoeft-bestellings moet in wees
Donderdag 31 Oktober	Hervormingsdag word in die klasse herdenk
Vrydag 1 November	Geld vir olimpiade moet in wees asseblief
Vrydag 1 November	Toetsreeks vir graad 4 en 5 begin
Donderdag 7 November	Laaste grondslagfase-sport en buitemuurse aktiwiteite
Vrydag 8 November	Gr R-konsert en gradeplegtigheid
Maandag 11 November	Eksamen vir graad 6 en 7 begin Skool kom 12:30 uit vir alle leerders tot 3 Desember
Vrydag 22 November	Juffrou Henriette vier haar verjaarsdag, gr 4 en 5 trek gewone klere aan
Maandag 25 – Vrydag 29 Nov.	Veldskool te Sederberge gr. 6-7
Woens. of Don. 27 of 28 Nov.	Ouetehuis optrede graad R – 5 by Huis Welverdiend oorkant die pad
Vrydag 29 November	Insamelings van skoenbokse sluit Insamelings van produkte vir Nicole sluit
Dinsdag 3 Desember	Kersoptrede 10:00 met verversings en kuns-uitstalling daarna Rapporte kan afgehaal word saans, tyd sal nog bevestig word (daar is ook Kerssang by VGK Bellville dié aand)
Woensdag 4 Desember	Skool sluit om 11:00 (saalafsluiting begin 10:15) Koekverkoping om 11:00
Woensdag 15 Januarie 2020	Skool heropen om 07:45 vir pre-graad R tot graad 7

Ps 144:12 Mag ons seuns wees soos plante wat hoog groei in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare uitgebeitel soos vir 'n paleis.

DAG	DATUM	VAK: Graad 4 en 5	VAK: Graad 6 en 7
Vrydag	1 November	Bybel	Gewone skooldag
Maandag	4 November	Wiskunde	Gewone skooldag
Dinsdag	5 November	-	Gewone skooldag
Woensdag	6 November	LO/GO	Gewone skooldag
Donderdag	7 November	-	Gewone skooldag
Vrydag	8 November	Kerkgeskiedenis	Gewone skooldag
Maandag	11 November Skool kom 12:30 uit tot 3 Desember	English	Bybel
Dinsdag	12 November	-	EBW
Woensdag	13 November	Aardrykskunde	Wiskunde
Donderdag	14 November	-	LO/GO
Vrydag	15 November	Geskiedenis	Kerkgeskiedenis
Maandag	18 November	Afrikaans	Afrikaans
Dinsdag	19 November	-	NW
Woensdag	20 November	NW	Aardrykskunde
Donderdag	21 November	-	English Poetry and Grammar
Vrydag	22 November	Juff. Henriette verjaar	Geskiedenis

Ps 144:12 Mag ons seuns wees soos plante wat hoog groei in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare uitgebeitel soos vir 'n paleis.